Italië afgeransel deur die Hane

Maandag, 15 Maart 2010

Afrigter Nick Mallett sê Italië het sy swakste vertoning in 'n jaar gelewer toe hulle gister in 'n Sesnasies-wedstryd in Parys met 46-20 deur Frankryk verslaan is.

Die rustydtelling was 22-3. Die Franse het ses drieë gedruk teenoor die twee van die Italianers. Mallett sê Italië het die Hane beter laat lyk as wat hulle is.